

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRICES: S.A. 40c Plus 5c G.S.T. OVERSEAS: 50c

PRYS: S.A. 40c Plus 5c A.V.B. OORSEE: 50c

Vol. 229

PRETORIA

14 MAY
14 MEI

1986

4444

OFFICIAL GAZETTE OF THE TRANSVAAL
(Published every Wednesday)

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria, and if delivered by hand, must be handed in at Room A1020(a), Provincial Building. Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of advertisements are not supplied.

Subscription Rates (payable in advance)

Transvaal *Official Gazette* (including all Extraordinary Gazettes) are as follows:

Yearly (post free) — R21,00 plus GST.

Zimbabwe and Overseas (post free) — 50c each plus GST.

Price per single copy (post free) — 40c each plus GST.

Obtainable at Room A600, Provincial Building, Pretoria 0002.

Closing Time for Acceptance of Advertisements

All Advertisements must reach the Officer in Charge of the *Provincial Gazette* not later than 16h00 on the Tuesday before the Gazette is published. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week.

Advertisement Rates

Notices required by Law to be inserted in the *Official Gazette*:

Double column — R5,00 per centimetre or portion thereof. Repeats — R4,00.

Single column — R1,80 per centimetre. Repeats R1,20.

Subscriptions are payable in advance to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria 0001.

C G D GROVE
Provincial Secretary**Administrator's Notices**

Administrator's Notice 885

14 May 1986

BENONI MUNICIPALITY: AMENDMENT OF THE BY-LAWS RELATING TO LICENCES AND BUSINESS CONTROL

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The By-laws Relating to Licences and Business Control

OFFISIËLE KOERANT VAN DIE TRANSVAAL
(Verskyn elke Woensdag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Provinsiale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria, geadresseer word en indien per hand afgelewer, moet dit by Kamer A1020(a), Provinsiale Gebou ingedien word. Gratis eksemplare van die *Offisiële Koerant* of uitknipsels van advertensies word nie verskaf nie.

Intekengeld (vooruitbetaalbaar)

Transvaalse *Offisiële Koerant* (met inbegrip van alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

Jaarliks (posvry) — R21,00 plus AVB.

Zimbabwe en Oorsee (posvry) — 50c elk plus AVB.

Prys per eksemplaar (posvry) — 40c elk plus AVB.

Verkrygbaar by Kamer A600, Provinsiale Gebou, Pretoria 0002.

Sluitingstyd vir Aanneem van Advertensies

Alle advertensies moet die Beampte belas met die *Offisiële Koerant* bereik nie later nie as 16h00 op Dinsdag 'n week voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat na daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week.

Advertensietariewe

Kennisgewings wat volgens Wet in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word:

Dubbelkolom — R5,00 per sentimeter of deel daarvan. Herhaling — R4,00.

Enkelkolom — R1,80 per sentimeter. Herhaling — R1,20.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Provinsiale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria 0001.

C G D GROVE
Provinsiale Sekretaris**Administrateurskennisgewings**

Administrateurskennisgewing 885

14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT BENONI: WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE LISENSIES EN BEHEER OOR BESIGHEDE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Verordeninge Betreffende Lisensies en Beheer oor

of the Benoni Municipality, published under Administrator's Notice 67, dated 27 January 1954, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution for paragraph (c) of item 32 of Annexure 1 of Schedule 1 under Chapter 1 of the following:

"(c) Advertising Signs:

Every separate permanent or temporary signboard sign, movable sign or device, excluding advertisements on parking meters, per annum: R10."

2. By the substitution in section 236 for the expression "ten sjielings (10s)" of the figure "R5".

3. By the substitution in section 270 for the figure "R1" of the figure "R2".

4. By the substitution for item 1 of Schedule B to Chapter 12 of the following:

"1. Annual Dog Tax

- (1) Per male dog or spayed bitch: R5.
- (2) Per unspayed bitch: R50.
- (3) For each additional dog per property: R30."

The provisions of —

(a) items 1, 2 and 3 shall come into operation on 14 May 1986;

(b) item 4 shall come into operation on 1 July 1986.

PB 2-4-2-97-6

Administrator's Notice 886

14 May 1986

COLIGNY MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Water Supply By-laws of the Coligny Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 593, dated 18 May 1977, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution in section 1 for the definition of "tariff" of the following:

" 'tariff' means the tariff of charges as determined from time to time by the Council, by Special Resolution, in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939;"

2. By the deletion of the Schedule, containing the Tariff of Charges, as amended.

PB 2-4-2-104-51

Administrator's Notice 887

14 May 1986

COLIGNY MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD ELECTRICITY BY-LAWS

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Village Council of Coligny has, in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted with the following amendment the Standard Electricity By-laws, published under Administrator's Notice 1959, dated 11 September 1985, as by-laws made by the said Council.

Besighede van die Munisipaliteit Benoni, afgekondig by Administrateurskennisgewing 67 van 27 Januarie 1954, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur paragraaf (c) van item 32 van Aanhangsel 1 van Bylae 1 onder Hoofstuk 1 deur die volgende te vervang:

"(c) Advertensietekens:

Iedere afsonderlike permanente of tydelike uithangbord, teken, beweegbare teken of toestel, uitgesonderd advertensies op parkeermeters, per jaar: R10."

2. Deur in artikel 236 die uitdrukking "tien sjielings (10s)" deur die syfer "R5" te vervang.

3. Deur in artikel 270 die syfer "R1" deur die syfer "R2" te vervang.

4. Deur item 1 van Bylae B by Hoofstuk 12 deur die volgende te vervang:

"1. Jaarlikse Hondebelasting

- (1) Per reun of gesteriliseerde teef: R5.
- (2) Per ongesteryliseerde teef: R50.
- (3) Vir elke bykomende hond, per perseel: R30."

Die bepalings van —

(a) items 1, 2 en 3 tree in werking op 14 Mei 1986;

(b) item 4 tree in werking op 1 Julie 1986.

PB 2-4-2-97-6

Administrateurskennisgewing 886

14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT COLIGNY: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Coligny, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 593 van 18 Mei 1977, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 1 die woordskrywing van "tarief" deur die volgende te vervang:

" 'tarief' die tarief van gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad, by Spesiale Besluit, ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vasgestel;"

2. Deur die Bylae waarin die Tarief van Gelde vervat is, soos gewysig, te skrap.

PB 2-4-2-104-51

Administrateurskennisgewing 887

14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT COLIGNY: AANNAME VAN STANDAARD ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

1. Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Dorpsraad van Coligny die Standaard Elektrisiteitsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1959 van 11 September 1958, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie met die volgende wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

By the substitution in section 1 for the definition of "tariff" of the following:

"tariff" means the tariff of charges as determined from time to time by the Council by Special Resolution in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939;"

2. The Electricity By-laws of the Coligny Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 2124, dated 4 December 1974, as amended, are hereby repealed.

PB 2-4-2-36-51

Administrator's Notice 888 14 May 1986

COLIGNY MUNICIPALITY: AMENDMENT TO TRAFFIC BY-LAWS AND REGULATIONS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 166 of the Road Traffic Ordinance, 1966, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Traffic By-laws and Regulations, published under Administrator's Notice 243, dated 21 March 1951, and made applicable *mutatis mutandis* to the Coligny Municipality under Administrator's Notice 647, dated 27 July 1955, as amended, are hereby further amended by the deletion of Schedule A containing the Tariff of Licence Fees under the Annexure.

PB 2-4-2-98-51

Administrator's Notice 889 14 May 1986

GERMISTON MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS RELATING TO THE KEEPING OF ANIMALS, BIRDS AND POULTRY AND BUSINESSES INVOLVING THE KEEPING OF ANIMALS, BIRDS, POULTRY OR PETS

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the City Council of Germiston has, in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted with the following amendments the Standard By-laws Relating to the Keeping of Animals, Birds and Poultry and Businesses Involving the Keeping of Animals, Birds, Poultry or Pets, published under Administrator's Notice 2208, dated 9 October 1985, as by-laws made by the said Council:

By the substitution for sections 8 and 9 of the following:

"Prohibition on Keeping of Pigs

8. The keeping of pigs on any premises within the municipality of Germiston is prohibited."

2. Chapters 2 and 14 of Part IV of the Public Health By-laws of Germiston Municipality, published under Administrator's Notice 148, dated 21 February 1951, as amended, are hereby deleted.

PB 2-4-2-9-1

Administrator's Notice 890 14 May 1986

HENDRINA MUNICIPALITY: REVOCATION OF TOWN LANDS REGULATIONS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the

Deur in artikel 1 die woordskrywing van "tarief" deur die volgende te vervang:

"tarief" die tarief van gelde wat van tyd tot tyd deur die Raad by Spesiale Besluit ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vasgestel is;"

2. Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Coligny, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 2124 van 4 Desember 1974, soos gewysig, word hierby herroep.

PB 2-4-2-36-51

Administrateurskennisgewing 888 14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT COLIGNY: WYSIGING VAN VERKEERSVERORDENINGE EN REGULASIES

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 166 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Verkeersverordeninge en Regulasies, afgekondig by Administrateurskennisgewing 243 van 21 Maart 1951, en *mutatis mutandis* van toepassing gemaak op die Munisipaliteit Coligny by Administrateurskennisgewing 647 van 27 Julie 1955, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Bylae A waarin die Tarief van Lisensiegelde onder die Aanhangel vervat is, te skrap.

PB 2-4-2-98-51

Administrateurskennisgewing 889 14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT GERMISTON: AANNAME VAN STANDAARDVERORDENINGE BETREFFENDE DIE AANHOU VAN DIERE, VOËLS EN PLUIMVEE EN BESIGHEDE WAT DIE AANHOU VAN DIERE, VOËLS, PLUIMVEE EN TROETELDIERE BEHELS

1. Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Germiston die Standaardverordeninge Betreffende die Aanhou van Diere, Voëls en Pluimvee en Besighede wat die Aanhou van Diere, Voëls, Pluimvee of Troeteldiere Behels, afgekondig by Administrateurskennisgewing 2208 van 9 Oktober 1985, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie, met die volgende wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur die Raad opgestel is:

Deur artikels 8 en 9 deur die volgende te vervang:

"Verbod op Aanhou van Varke

8. Die aanhou van varke op enige perseel in die munisipale gebied van Germiston word verbied."

2. Hoofstukke 2 en 14 van Deel IV van die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Munisipaliteit Germiston, afgekondig by Administrateurskennisgewing 148 van 21 Februarie 1951, soos gewysig, word hierby geskrap.

PB 2-4-2-9-1

Administrateurskennisgewing 890 14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT HENDRINA: HERROEPING VAN DORPSGRONDEN-REGULATIES

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel

Local Government Ordinance, 1939, publishes that he has in terms of section 99 of the said Ordinance approved of the revocation of the Town Lands Regulations of Hendrina Municipality, published under Chapter III of Administrator's Notice 175, dated 10 June 1919, as amended.

PB 2-4-2-95-60

Administrator's Notice 891 14 May 1986

HENDRINA MUNICIPALITY: REVOCATION OF DIPPING TANK REGULATIONS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that he has in terms of section 99 of the said Ordinance approved of the revocation of the Dipping Tank Regulations of Hendrina Municipality, published under Administrator's Notice 385, dated 8 October 1921, as amended.

PB 2-4-2-31-60

Administrator's Notice 892 14 May 1986

JOHANNESBURG MUNICIPALITY: AMENDMENTS TO MEAT BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Meat By-laws of the Johannesburg Municipality, published under Administrator's Notice 660, dated 27 June 1979, as amended, are hereby further amended by the substitution in section 4 for the figure "5c" of the figure "6c".

PB 2-4-2-77-2

Administrator's Notice 893 14 May 1986

KLERKSDORP MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS

The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Electricity By-laws of the Klerksdorp Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1261, dated 26 July 1972, as amended, are hereby further amended by amending Part A of the Tariff of Charges under the Schedule as follows:

1. By the substitution in item 2(2)(a) for the figure "5,074c" of the figure "5,811c".
2. By the substitution in item 3(1) for the figure "9,012c" of the figure "10,125c".
3. By the substitution in item 4(2)(a) and (b) for the figures "3,006c" and "R8,40" of the figures "3,545c" and "R10" respectively.
4. By the substitution in item 5(2) for the figure "15,607c" of the figure "17,350c".
5. By the substitution in item 6(1)(a) for the figure "3,526c" of the figure "4,115c".
6. By the deletion of section 8.

The provisions in this notice contained, shall be deemed to have come into operation on 1 February 1986.

PB 2-4-2-36-17

101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat hy ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie sy goedkeuring geheg het aan die herroeping van die Dorpsgronden-Regulaties van die Munisipaliteit Hendrina, afgekondig onder Hoofstuk III van Administrateurskennisgewing 175 van 10 Junie 1919, soos gewysig.

PB 2-4-2-95-60

Administrateurskennisgewing 891 14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT HENDRINA: HERROEPING VAN DIPBAKREGULATIES

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat hy ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie sy goedkeuring geheg het aan die herroeping van die Dipbakregulaties van die Munisipaliteit Hendrina, afgekondig by Administrateurskennisgewing 385 van 8 Oktober 1921, soos gewysig.

PB 2-4-2-31-60

Administrateurskennisgewing 892 14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG: WYSIGING VAN VLEISVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Vleisverordeninge van die Munisipaliteit Johannesburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 660 van 27 Junie 1979, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikel 4 die syfer "5c" deur die syfer "6c" te vervang.

PB 2-4-2-77-2

Administrateurskennisgewing 893 14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT KLERKSDORP: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesig.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Klerksdorp, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1261 van 26 Julie 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Deel A van die Tarief van Gelde onder die Bylae soos volg te wysig:

1. Deur in item 2(2)(a) die syfer "5,074c" deur die syfer "5,811c" te vervang.
2. Deur in item 3(1) die syfer "9,012c" deur die syfer "10,125c" te vervang.
3. Deur in item 4(2)(a) en (b) die syfers "3,006c" en "R8,40" onderskeidelik deur die syfers "3,545c" en "R10" te vervang.
4. Deur in item 5(2) die syfer "15,607c" deur die syfer "17,350c" te vervang.
5. Deur in item 6(1)(a) die syfer "3,526c" deur die syfer "4,115c" te vervang.
6. Deur item 8 te skrap.

Die bepalinge in hierdie kennisgewing vervat, word geag in werking te getree het op 1 Februarie 1986.

PB 2-4-2-36-17

Administrator's Notice 894 14 May 1986

MAKWASSIE HEALTH COMMITTEE: AMENDMENT TO TOWNLANDS REGULATIONS

The Administrator hereby, in terms of section 164(3) of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been made by him in terms of section 126(1)(a) of the said Ordinance.

The Townlands Regulations of the Makwassie Health Committee, published under Administrator's Notice 1486, dated 30 August 1972, as amended, are hereby further amended by the substitution in the Tariff of Charges under the Schedule for the figure "R1,50" of the figure "R5".

PB 2-4-2-95-94

Administrator's Notice 895 14 May 1986

MEYERTON MUNICIPALITY: REVOCATION OF BURSARY LOAN FUND BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that he has in terms of section 99 of the said Ordinance approved of the revocation of the Bursary Loan Fund By-laws of Meyerton Municipality, published under Administrator's Notice 257, dated 22 March 1967, as amended.

PB 2-4-2-121-97

Administrator's Notice 896 14 May 1986

MEYERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR THE LEVYING OF FEES RELATING TO THE INSPECTION OF ANY BUSINESS PREMISES AS CONTEMPLATED IN SECTION 14(4) OF THE LICENCES ORDINANCE, 1974

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 63 of the Licences Ordinance, 1974, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The By-laws for the Levying of Fees Relating to the Inspection of Any Business Premises as Contemplated in section 14(4) of the Licences Ordinance, 1974, of the Meyerton Municipality, published under Administrator's Notice, 34, dated 11 January, 1978, as amended, are hereby further amended by the substitution for the Schedule of the following:

"SCHEDULE

INSPECTION FEES FOR BUSINESS PREMISES:

<i>Trade or Occupation</i>	<i>Inspection Fee</i>
<i>Item No</i>	<i>R</i>
1. Offensive trades.....	10,00
2. Auctioneer.....	10,00
3. General dealer.....	10,00
4. Pharmacist.....	10,00
5. Baker.....	10,00
6. Barber or hairdresser.....	10,00
7. Funeral undertaker.....	10,00
11. Dealer in bones and used goods.....	10,00
12. Dealer in household, patent and proprietary medicines.....	10,00

Administrateurskennisgewing 894 14 Mei 1986

GESONDHEIDSKOMITEE VAN MAKWASSIE: WYSIGING VAN DORPSGRONDREGULASIES

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 164(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 126(1)(a) van genoemde Ordonnansie gemaak is.

Die Dorpsgrondregulasies van die Gesondheidskomitee van Makwassie, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1486 van 30 Augustus 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in die Tarief van Gelde onder die Bylae die syfer "R1,50" deur die syfer "R5" te vervang.

PB 2-4-2-95-94

Administrateurskennisgewing 895 14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT MEYERTON: HERROEPING VAN BEURSLENINGSFONDSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat hy ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie sy goedkeuring geheg het aan die herroeping van die Beursleningsfondsverordeninge van die Munisipaliteit Meyerton, afgekondig by Administrateurskennisgewing 257 van 22 Maart 1967, soos gewysig.

PB 2-4-2-121-97

Administrateurskennisgewing 896 14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT MEYERTON: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE HEFFING VAN GELDE MET BETREKKING TOT DIE INSPEKSIE VAN ENIGE BESIGHEIDSPERSEEL SOOS BEOOG BY ARTIKEL 14(4) VAN DIE ORDONNANSIE OP LISENSIES, 1974

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 63 van die Ordonnansie op Lisensies, 1974, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Verordeninge vir die Heffing van Gelde met Betrekking tot die Inspeksie van Enige Besigheidsperseel soos Beoog by artikel 14(4) van die Ordonnansie op Lisensies, 1974, van die Munisipaliteit Meyerton, afgekondig by Administrateurskennisgewing 34 van 11 Januarie 1978, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Bylae deur die volgende te vervang:

"BYLAE

INSPEKSIEGELDE VIR BESIGHEIDSPERSEEL:

<i>Besigheid of Beroep</i>	<i>Inspeksiegeld</i>
<i>Item No</i>	<i>R</i>
1. Aanstootlike bedryf.....	10,00
2. Afslaer.....	10,00
3. Algemene handelaar.....	10,00
4. Apteker.....	10,00
5. Bakker.....	10,00
6. Barbier of haarkapper.....	10,00
7. Begrafnisondernemer.....	10,00
11. Handelaar in bene en gebruikte goedere.....	10,00
12. Handelaar in huishoudelike, patent en eiendomsmedisyne.....	10,00
13. Handelaar in motorvoertuie (uitgesonderd	

13. Dealer in motor vehicles (excluding item 13(2)(b))	10,00
15. Dealer in aerated or mineral water	10,00
16. Dealer in fire works	10,00
18. Kennel or pet's boarding establishment or salon	10,00
19. Livery stable or riding-school keeper	10,00
19A. Breakdown service	10,00
20. Café keeper	10,00
21. Crèche or nursery school	10,00
22. Physical culture, health or beauty centre	10,00
24. Dairy	10,00
25. Dairy farm	10,00
26. Milk shop	10,00
27. Miller	10,00
27A. Motor driving school	10,00
28. Motor garage (excluding item 28(2)(b))	10,00
30. Disinfector or fumigator	10,00
31. Place of entertainment	10,00
32. Warehouse	10,00
33. Pawnbroker	10,00
34. Parkade	10,00
35. Passenger transport undertaking	10,00
36. Mail-order or other undertaking	10,00
37. Restaurant keeper	10,00
38. Cobbler	10,00
40. Butcher	10,00
41. Hawker	10,00
42. Special licence	10,00
43. Caterer	10,00
45. Accommodation establishment	10,00
46. Hiring service	10,00
48. Vending machine keeper (only for the use of food)	10,00
49. Place of entertainment	10,00
50. Fishmonger or fish frier	10,00
51. Food manufacturer	10,00
52. Fruit, vegetable and plant dealer	10,00
53. Launderer or dry-cleaner	10,00
54. Laundry or dry-cleaning receiving depot	10,00
55. Workshop	10,00."

PB 2-4-2-97-97

Administrator's Notice 897

14 May 1986

MIDDELBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO CEMETERY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Cemetery By-laws of the Middelburg Municipality, published under Administrator's Notice 143, dated 25 February 1953, as amended, are hereby further amended by the substitution in section 27(2) for the expression "50 %" of the expression "80 %".

PB 2-4-2-23-21

Administrator's Notice 898

14 May 1986

MIDRAND MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD ELECTRICITY BY-LAWS

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Midrand has, in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted with the following amendment, the Standard Electricity By-laws, published under

item 13(2)(b))	10,00
15. Handelaar in spuit- of mineraalwater	10,00
16. Handelaar in vuurwerke	10,00
18. Hondehok of troeteldierloesiesinrigting of -salon	10,00
19. Huurstal of ryskoolhouer	10,00
19A. Insleepdiens	10,00
20. Kafeehouer	10,00
21. Kinderbewaarploas of kleuterskool	10,00
22. Liggaamsontwikkeling-, gesondheids- of skoonheidsentrum	10,00
24. Melkery	10,00
25. Melkplaas	10,00
26. Melkwinkel	10,00
27. Meulenaar	10,00
27A. Motorbestuurskool	10,00
28. Motorgarage (uitgesonderd item 28(2)(b))	10,00
30. Ontsmetter of beroker	10,00
31. Ontspanningsterrein	10,00
32. Pakhuis	10,00
33. Pandjieshouer	10,00
34. Parkade	10,00
35. Passasiersvervoeronderneming	10,00
36. Pos- of ander bestellingsonderneming	10,00
37. Restauranthouer	10,00
38. Skoenmaker	10,00
40. Slagter	10,00
41. Smous	10,00
42. Spesiale lisensie	10,00
43. Spysenier	10,00
45. Verblyfsonderneming	10,00
46. Verhuurdiens	10,00
48. Verkoopsoutomaathouer (slegs vir die gebruik van voedsel)	10,00
49. Vermaaklikheidsplek	10,00
50. Vishandelaar of -bakker	10,00
51. Voedselvervaardiger	10,00
52. Vruchte-, groente- en plantehandelaar	10,00
53. Wasser- of droogskoonmaker	10,00
54. Wassery- of droogskoonmakery-ontvangsdepot	10,00
55. Werkwinkel	10,00."

PB 2-4-2-97-97

Administrateurskennisgewing 897

14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT MIDDELBURG: WYSIGING VAN BEGRAAFPLAASVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Begraafplaasverordeninge van die Munisipaliteit Middelburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 143 van 25 Februarie 1953, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikel 27(2) die uitdrukking "50 %" deur die uitdrukking "80 %" te vervang.

PB 2-4-2-23-21

Administrateurskennisgewing 898

14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT MIDRAND: AANNAME VAN STANDAARDELEKTRISITEITSVERORDENINGE

1. Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Midrand die Standaardelektrisiteitsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1959 van 11 September 1985, ingevolge artikel

Administrator's Notice 1959, dated 11 September 1985, as by-laws made by the said Council:

By the substitution in section 1 for the definition "tariff" of the following:

" 'tariff' means the tariff of charges as determined by the Council from time to time by special resolution in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939;".

2. The Electricity By-laws of the Midrand Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1088, dated 18 August 1982, as amended, are hereby repealed.

PB 2-4-2-36-70

96bis(2) van genoemde Ordonnansie, met die volgende wysiging, aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is:

Deur in artikel 1 die woordskrywing "tarief" deur die volgende te vervang:

" 'tarief' die tarief van gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad by spesiale besluit, ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vasgestel;".

2. Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Midrand, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1088 van 18 Augustus 1982, soos gewysig, word hierby herroep.

PB 2-4-2-36-70

Administrator's Notice 899

14 May 1986

NABOOMSPRUIT MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO THE REGULATING AND CONTROL OF AND THE SUPERVISION OF HAWKERS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The By-laws Relating to the Regulating and Control of and the Supervision of Hawkers of the Naboomspruit Municipality, published under Administrator's Notice 1791, dated 9 October 1984, are hereby amended by the substitution for subitem (3) of item 1 under the Schedule of the following:

"(3) Charges Payable per Stand

Stands for vehicles not exceeding 9 000 kg (gross vehicle mass):

- (a) Per year: R200
- (b) Per month: R20
- (c) Per day: R5."

PB 2-4-2-47-64

Administrateurskennisgewing 899

14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT NABOOMSPRUIT: WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE DIE REËLING EN BEHEER VAN, EN DIE TOESIG OOR SMOUSE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Verordeninge Betreffende die Reëling en Beheer van, en die Toesig oor Smouse, van die Munisipaliteit Naboomspruit, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1791 van 9 Oktober 1984, word hierby gewysig deur subitem (3) van item 1 onder die Bylae deur die volgende te vervang:

"(3) Gelde Betaalbaar per Staanplek

Staanplekke vir voertuie wat nie 9 000 kg (bruto voertuigmassa) oorskry nie:

- (a) Per jaar: R200
- (b) Per maand: R20
- (c) Per dag: R5."

PB 2-4-2-47-64

Administrator's Notice 900

14 May 1986

ORKNEY MUNICIPALITY: WATER SUPPLY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Water Supply By-laws of the Orkney Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1946, dated 28 December 1977, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution in section 1 for the definition of "tariff" of the following:

" 'tariff' means the Tariff of Charges as determined from time to time by the Council by Special Resolution in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939;".

2. By the deletion of the Schedule containing the Tariff of Charges.

PB 2-4-2-104-99

Administrateurskennisgewing 900

14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT ORKNEY: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit van Orkney deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1946 van 28 Desember 1977, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 1 die woordskrywing van "tarief" deur die volgende te vervang:

" 'tarief' die Tarief van Gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad by Spesiale Besluit ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vasgestel;".

2. Deur die Bylae waarin die Tarief van Gelde vervat is, te skrap.

PB 2-4-2-104-99

Administrator's Notice 901

14 May 1986

PRETORIA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO
FOOD-HANDLING BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Food-handling By-laws of the Pretoria Municipality adopted by the Council under Administrator's Notice 529, dated 28 March 1973, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution in section 2(9) for the expression "1 m" of the expression "100 mm".

2. By the substitution for subsection (16) of section 2 of the following:

"(16) Proper sanitary fixtures shall be provided according to regulation P19, Table 6 of the National Building Regulations, published under Government Notice R441, dated 1 March 1985, in terms of the National Building Regulations and Building Standards Act, 1977 (Act 103 of 1977)."

3. By the substitution for section 10 of the following:

"Delivery of Food"

10(1) All meat products, fresh fish and seafoods delivered to premises shall be conveyed in a vehicle in which a temperature not higher than 5 °C shall be maintained.

(2) All vehicles carrying food, which is not effectively protected, shall —

(a) be provided with —

(i) a dust-tight partition between the driver's seat and the loading area;

(ii) solid doors which shut dust-tight; and

(iii) where necessary, shelves; and

(b) be so designed that they can easily be cleaned.

(3) If a vehicle does not have a dust-tight loading area, food shall be carried in containers consisting of material which will effectively protect the food against contamination."

PB 2-4-2-176-3

Administrator's Notice 902

14 May 1986

PRETORIA MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS RELATING TO CAFE'S, RESTAURANTS AND EATING-HOUSES

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the City Council of Pretoria has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance adopted the Standard By-laws relating to Cafe's, Restaurants and Eating-houses, published under Administrator's Notice 492, dated 27 April 1977, with the following amendments as by-laws made by the said Council:

1. By the substitution for the title of the by-laws of the following:

"By-laws relating to Cafe's and Restaurants."

2. By the substitution in section 1 for the definition of —

Administrateurskennisgewing 901

14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT PRETORIA: WYSIGING VAN
VOEDSELHANTERINGSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Voedselhanteringsverordeninge van die Munisipaliteit Pretoria, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 529 van 28 Maart 1973, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 2(9) die uitdrukking "1 m" deur die uitdrukking "100 mm" te vervang.

2. Deur subartikel (16) van artikel 2 deur die volgende te vervang:

"(16) Behoorlike sanitêre toestelle vir Blanke of Swart personeel moet ooreenkomstig regulasie P19, Tabel 6 van die Nasionale Bouregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing R441, gedateer 1 Maart 1985, ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977), verskaf word."

3. Deur artikel 10 deur die volgende te vervang:

"Aflerwing van Voedsel"

10(1) Alle vleisprodukte, vars vis en seekosse wat by die perseel afgelewer word, moet in 'n voertuig vervoer word waar in 'n temperatuur wat nie 5 °C oorskry nie, konstant bly.

(2) Alle voertuie waarin voedsel, wat nie doeltreffend teen besoedeling beskerm is nie, vervoer word, moet —

(a) voorsien wees van —

(i) 'n stofdigte afskorting tussen die stuurkajuit en die laairuimte;

(ii) soliede deure wat stofdig sluit; en

(iii) waar nodig, rakke; en

(b) so ontwerp wees dat hulle maklik skoongemaak kan word.

(3) Waar 'n voertuig nie 'n stofdigte laairuimte het nie, moet voedsel in houers bestaande uit materiaal wat die voedsel doeltreffend teen besoedeling beskerm, vervoer word."

PB 2-4-2-176-3

Administrateurskennisgewing 902

14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT PRETORIA: AANNAME VAN
STANDAARDVERORDENINGE BETREFFENDE KAFEE'S,
RESTAURANTE EN EETHUISE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Pretoria die Standaardverordeninge betreffende Kafees, Restaurante en Eethuise, afgekondig by Administrateurskennisgewing 492 van 27 April 1977, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie met die volgende wysigings aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is:

1. Deur die titel van die verordeninge deur die volgende te vervang:

"Verordeninge betreffende Kafees en Restaurante."

2. Deur in artikel 1 die woordskrywing van —

(a) "cafe", "restaurant" and "eating-house" of the following:

"'cafe' and 'restaurant' mean premises at or in which the business of a cafe or restaurant referred to in items 20 and 37 respectively of Schedule 1 of the Licences Ordinance, 1974 (Ordinance 19 of 1974), is conducted;"; and

(b) "premises" of the following:

"'premises' means premises used for the carrying on of a business of a cafe or restaurant and includes every part of premises so used and also any premises used in connection with the carrying on of the said business, but, where the first-mentioned premises are part of a building, shall not include any other part of the building which is not used for or in connection with the said business."

3. By the deletion in sections 2(1), 2(9), 3(2) and 4 of the words, "or eating-houses" and the insertion of the word "or" between the words "cafe" and "restaurant".

4. By the deletion in section 2(2)(a) of the words "and eating-house" and the insertion of the word "and" between the words "cafe" and "restaurant".

5. By the deletion of paragraph (b) of section 2(2) and the renumbering of paragraph (c) to read (b).

6. By the substitution for paragraph (a) of section 2(9) of the following:

"(a) If on any premises room is set aside for the consumption of food or refreshments by clients, proper sanitary appliances shall be provided according to Regulation P19, Table 9 of the National Building Regulations, published under Government Notice R441, dated 1 March 1985 in terms of the National Building Regulations and Building Standards Act, 1977 (Act 103 of 1977)."

PB 2-4-2-22-3

Administrator's Notice 903

14 May 1986

PRETORIA MUNICIPALITY: REPEAL OF BY-LAWS FOR LICENSING AND REGULATING OF TEA-ROOMS, CAFE'S, RESTAURANTS, HOTELS, EATING-HOUSES, LODGING-HOUSES, ETC

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that he has in terms of section 99 of the said Ordinance approved of the repeal of the By-laws for Licensing and Regulating Tea-Rooms, Cafe's, Restaurants, Hotels, Eating-Houses, Lodging-Houses, etc of the Pretoria Municipality, published under Administrator's Notice 211, dated 28 June 1915, as amended.

PB 2-4-2-22-3

Administrator's Notice 904

14 May 1986

PRETORIA MUNICIPALITY: REPEAL OF BY-LAWS FOR LICENSING AND REGULATING BAKERIES

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that he has in terms of section 99 of the said Ordinance approved of the repeal of the By-laws for Licensing and Regulating Bakeries of the Pretoria Municipality, published under Ad-

(a) "kafee", "restaurant" en "eethuis" deur die volgende te vervang:

"'kafee' en 'restaurant', die perseel waarop 'n kafee- of restaurantsaak waarna daar onderskeidelik in items 20 en 37 van Bylae 1 van die Ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), verwys word, gedryf word;"; en

(b) "perseel" deur die volgende te vervang:

"'perseel' die perseel wat gebruik word om daarop 'n kafee- of restaurantsaak te dryf en omvat elke deel van die perseel wat aldus gebruik word asook enige perseel wat in verband met die dryf van genoemde besigheid gebruik word, maar waar eersgenoemde perseel 'n gedeelte van 'n gebou uitmaak, omvat dit geen ander gedeelte van die gebou wat nie vir of in verband met genoemde besigheid gebruik word nie."

3. Deur in artikels 2(1), 2(9), 3(2) en 4 die woorde "of eethuis" te skrap en die woord "of" tussen die woorde "kafee" en "restaurant" in te voeg.

4. Deur in artikel 2(2)(a) die woorde "en eethuis" te skrap en die woord "en" tussen die woorde "kafee" en "restaurant" in te voeg.

5. Deur paragraaf (b) van artikel 2(2) te skrap en paragraaf (c) te hernoem (b).

6. Deur paragraaf (a) van artikel 2(9) deur die volgende te vervang:

"(a) Indien daar op 'n perseel 'n ruimte opsygesit word vir die verbruik van voedsel of drank deur klante, moet daar ooreenkomstig Regulasie P19, Tabel 9 van die Nasionale Bouregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing R441 van 1 Maart 1985 ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977), sanitêre toestelle voorsien word vir gebruik deur klante op die perseel."

PB 2-4-2-22-3

Administrateurskennisgewing 903

14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT PRETORIA: HERROEPING VAN "BIJWETTEN VOOR HET LICENTIEREN EN REGULEREN VAN TEEHUIZEN, CAFE'S, RESTAURANTS, HOTELS, EETHUIZEN, KOSTHUIZEN, LOGIESHUIZEN, ENZ"

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat hy ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie sy goedkeuring geheg het aan die herroeping van die "Bijwetten voor het Licentieren en Reguleren van Teehuizen, Cafe's, Restaurants, Hotels, Eethuizen, Kosthuizen, Logieshuizen, enz" van die Munisipaliteit Pretoria, afgekondig by Administrateurskennisgewing 211 van 28 Junie 1915, soos gewysig.

PB 2-4-2-22-3

Administrateurskennisgewing 904

14 Mei 1986

MUNISIPALITEIT PRETORIA: HERROEPING VAN "BIJWETTEN VOOR HET LICENTIEREN EN REGULEREN VAN BAKKERIJEN"

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat hy ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie sy goedkeuring geheg het aan die herroeping van die "Bijwetten

ministrator's Notice 327, dated 28 August 1916, as amended.

PB 2-4-2-11-3

Administrator's Notice 905

14 May 1986

SECUNDA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO DOG AND DOG LICENCES REGULATIONS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Dog and Dog Licences Regulations of the Secunda Municipality, published under Administrator's Notice 84, dated 26 January 1977, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution in section 1 for the definition of "Committee" of the following:

" 'Council' means the Town Council of Secunda, the Council's Management Committee, acting under the powers delegated to it in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections Ordinance, 1960, and any officer to whom that Committee has been empowered by the Council in terms of subsection (3) of the said section to delegate and has in fact delegated the powers, functions and duties vesting in the Council in relation to these regulations;".

2. By the insertion in section 1 after the definition of "municipality" of the following:

" 'SPCA' means a society for the prevention of cruelty to animals as contemplated in section 8 of the Animals Protection Act, 1962 (Act 71 of 1962)."

3. By the substitution for the word "Committee", wherever it occurs, of the word "Council".

4. By the insertion after section 20 of the following and the renumbering of the existing section 21 to read 22:

"Establishment of Dog Pound

21.(1) The Council may for the purposes of these regulations establish a dog pound and lease such pound to the SPCA on the terms and conditions which the Council deems fit.

(2) If a pound is leased to the SPCA —

(a) the powers and duties set forth in sections 11, 12, 13 and 17 shall be deemed to have been delegated to the SPCA or any official authorized by the SPCA, as the case may be, and the provisions of the said sections shall apply *mutatis mutandis*;

(b) the SPCA shall accept in the pound any dog seized in terms of section 12 with a view to impounding and shall thereafter deal with it in accordance with these regulations;

(c) the SPCA shall be entitled to any fees paid in terms of these regulations in respect of an impounded dog and to any amount derived from the sale of an impounded dog in terms of section 12(1)."

PB 2-4-2-33-245

Administrator's Notice 907

14 May 1986

WESTONARIA MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD ELECTRICITY BY-LAWS

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of

voor het Licentieren en Reguleren van Bakkerijen" van die Munisipaliteit Pretoria, afgekondig by Administrateurskennisgewing 327 van 28 Augustus 1916, soos gewysig.

PB 2-4-2-11-3

Administrateurskennisgewing 905

14 Mei 1986

